Wat is die **waarde** van my **Simbra stoet?**

Tito Vorster

Waarde is 'n relatiewe begrip, dit verskil as jy koop of verkoop, dit kan 'n historiese of toekomstige waarde wees, 'n intrinsieke waarde, of (soos die rekenmeesters sê) die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde. Natuurlik is daar ook 'n belastingwaarde, die sogenaamde standaardwaarde, wat verseker slegs vir belasting doeleindes kan geld. Wel, dit alles gesê, behoort dit nie vir jou 'n slapelose nag te gee nie, want nie een van hierdie waardes sal vir jou 'n redelike waarde van jou Simbra stoet gee nie.

Die goeie nuus is dat die teler en die bestuursbesluite van die teler die grootste waarde tot sy Simbra stoet kan voeg, maar ongelukkig ook in die weg kan staan om die potensiële waarde van sy Simbra stoet te ontsluit.

Die vraag is dan: "Wat moet ek as teler doen om die WAARDE van my SIMBRA STOET te verhoog?"



FINANSIËLE OORWEGINGS BY DIE KEUSE VAN 'N VLEISBEES RAS

Suid-Afrika is geseën met verskeie uitstaande vleisbeesrasse. Elke stoetteler moet 'n beesras kies waarvoor hy 'n passie het. Die teler se passie sal sy gesindheid heens sy beesboerdery bepaal en dit sal wesenlik impakteer op die waarde wat hy uit sy kudde sal ontsluit.

Die Simbraras met sy hoë vlak van behoue heterose sal geen teler in die steek laat nie. Kies reg!!

Hierdie getalryke ras se teelprogram is ontwerp om die winsgewendheid van die ras te bevoordeel. Die oop kuddeboek stelsel bewerkstellig 'n lae koste toetree drempel. Die F1-Cum stelsel, in terme waarvan 'n teler sy Simbra diere kan aanbied vir opname in sy stoet of om 'n nuwe stoet te begin, sal buitegewone waarde tot Simbra-tipe diere toevoeg. Voeg hierby dat die Simmentaler en Simbra Genootskap jou gratis sal besoek om jou Simbra diere te keur, dan is jy beslis op 'n wenpad.

Aan die uitgawekant bied Simbra verskeie voordele wat ook waarde tot jou belegging toevoeg: Lae onderhoudskoste, aanpasbaar in enige deel van die land, melk en vleis, waarlik ***twee vir die prys van een.*** 'n Ras wat gedy in ekstensiewe omstandighede, 'n waardige veldbees wat onderwerp is aan prestasie toetsing. 'n Maklik bestuurbare bees met die temperament van 'n Simmentaler, die haarkleed en gehardheid van die Brahman en met hoë vlak behoude basterkrag. Die voorkeur speenkalf van die voerkraal bedryf.

Vir wins uit gras is SIMBRA die ras!

BESTUURSBESLUITE

Die bestuursbesluite van 'n Simbra teler sal die grootste impak op die waarde van sy kudde uitoefen. Daar is drie areas van besluitneming wat 80% van die waarde van jou Simbra kudde sal bepaal. Dit is seleksie, voeding en dieregesondheid.

Wanneer jy bulle koop, jou vroulike kudde aanvul, paring doen, jou uitskot diere bepaal en die diere wat jy wil terug hou vir herverkoop of vir teling, is jy besig met 'n proses van seleksie. Wanneer jy selekteer is dit belangrik dat jy 'n fyn gedefinieërde teeldoelwit het

Steinfurt Simbras

Ons teel sedert 1986 goed aangepaste, geharde en volledig prestasiegetoetse Simbras in 'n toekomsgerigte teelbeleid.

Simbra

INTERNATIONAL BEEF RECORDING SCHEME BREEDPLAN

Posbus 141 • Kroondal 0350
E-pos steinfurt@mweb.co.za
Tel: 014 537 2481 • **Sel:** 082 896 9155

Onthou Noord-wes Simveiling te Lichtenburg 14 Julie 2011

Wat is die **waarde** van my **Simbra stoet?**

waarvolgens jy selekteer. Die uitvoering van elk van hierdie seleksie besluite moet vooraf gegaan word met sorgvuldige beplanning, sonder emosie en neem jou tyd. Die regte bul of die verkeerde bul kan baie waarde tot jou kudde toevoeg of waarde wegneem.

Voeding is een van die steunpilare van beesboerdery. Weidingsbestuur en aanvullende winter- en somerlekke is nie onderhandelbaar nie. Jou Simbra beeskudde sal jou vir elke sent en nog meer vergoed vir die belegging wat jy in aanvullende voeding maak. Jy sal soortgelyk die vrugte pluk vir die sorg waarmee jy jou weiding bestuur. 'n Koei wat nie dragtig word nie as gevolg van haar kondisie, of min of geen melk het nie, is nie die koei of die ras se skuld nie. Die eienaar moet die blaam hiervoor neem. Verwaarloos jou beeste en die waarde van jou kudde sal krimp. Versorg hulle goed en die waarde van jou kudde sal groei.

Daar is geen groter skade in beesboerdery as nòg 'n dooie bees of nòg 'n siek bees nie. Teling is moeilik. Dieregesondheid is maklik. Gesondheidsorg vir diere is ongelooflik gesofistikeerd. Dieregesondheid word ondersteun deur veeartse en tegniese personeel van die dieremedisyne industrie. Die internet bevat ook ongelooflike ondersteunende inligting oor dieregesondheid. Die goue reël bly "voorkoming is beter as genesing". Bepaal vervolgens jou inentingsprogram en bly daarby. Die geld wat jy per jaar aan dieregesondheid spandeer is veel minder as die verlies van 'n dooie bees.

UNDERSTAND THE SCIENCE OF ANIMAL BREEDING

The science of animal breeding has determined measurable performance standards that impact materially on the monitory value of an animal. In fact this applies more specifically to Simbra cattle as more than 80% of stud breeders subject their cattle to performance testing.

Many Simbra Stud breeders and an ever increasing amount of commercial breeders, follow a selection policy based on Breeding Values (EBV's). All Simbra cattle are screened for a strict visual/ structural evaluation. Breeders must accept that buyers will select Simbra animals visually and they will pay premiums for cattle with ideal EBV's. The buyers buy bulls based on a visual appraisal and on performance, knowing that such animals will add value to their herds.

A SIMBRA STUD breeder must understand this science, manage it correctly and use it as a selection criterion. His clients will reward him for his efforts.

Do not despair; it is not complicated to implement sound EBV management. The Simmentaler and Simbra Society of South Africa has a web-based Internet Solutions System that is easy to access and easy to use. The system has an EBV animal enquiry which is available to every internet user. The system also has a "mating predictor" facility that will assist breeders to select animal matings for specific EBV outcomes.

Most importantly, it is not about managing figures, the cattle will visually and genetically reflect their improved breeding values.

Bring jou kant. Die SIMBRA ras sal meer as sy deel doen. S+